SARIE

# S WOON

*ons inspirasie*



## DIE NUWE GROOT TREK

## 12 huise

se stories, idees en mooi

**Dis my plek. Dis al**
Dawid Yzelle, Bethlehem

**Daar's net iets in die lug**
Mari Groenewald, Montagu

## TRENDS

Natuur naby Kerslig altyd
Leefkombuise
Tuiskantore kry hul eie spasie
Sagte teksture
Terracotta & nóg kleur

R156,00
(BTW INGESLUIT),
NAMIBIË N$156.00

## 'n Stukkie hemel op die

# PLATTELAND

STILBAAI • VILLIERSDORP • BALLITO • COLESBERG • PRINS ALBERT • VERMAAKLIKHEID • MAGALIESBERG



**SEEHUIS EN TUIN**
Gedeeltes van die huis is met hout beklee en die tuin is waterwys uitgelê met onder meer grasse en fynbos wat in die area aard.

STELLENBOSCH NA HERMANUS


# 'n Leefhuis wat min vra


Die interessante en moderne argitek-ontwerpte huis trek dadelik die aandag met sy houtbekleding en staan vlak by die strand op die gewilde kusdorp Hermanus. Dit is 'n warm en kleurryke tuiste waar die uitgebreide familie heeljaar gesellig kan saamkuier


**FOTO'S ANDREA VAN DER SPUY VIR VKDB ARGITEKTE**



**NIEL EN GUILA SE KAMER**
Guila, Marike en Tinie Hendriksz se Italiaanse skoondogter, is mal oor helder kleure. Die turkoois bed het 'n kopstuk van gekwilte materiaal gekry en die mat is van Gan by Limeline en tel die skakerings in die vertrek op. Die kurktafeltjie is van Wiid Design en die koraaltakkies, wat inmekaar kan klik om dit groter of kleiner te maak, is van Vitra van Créma Design. Muurligte pleks van bedlampies is hier gekies.










### ▲ SOETE DROME

**Links bo** is Nico, 'n meubelontwerper, se kamer. Die geel-en-blou lig is van Hay van Créma Design. **Regs bo** is die hoofslaapkamer. Die blomlap is laat druk van 'n foto wat Marike se vriendin, Eva van Niekerk, vir haar as 'n geskenk gegee het. Die muurlig is van Marset van eldc.co.za. **Links onder** is 'n spaarkamer met 'n geborduurde kopstuk van visse en die bedtafel is van Kino. **Regs onder** is klein Nina en Nora se kamer met 'n Anglepoise-lamp van Newport Lighting en 'n kurktafeltjie van Wiid Design. Agter elke bed is besonderse paneelwerk wat deur VKDB Argitekte ontwerp en laat maak is.





### CHRISTO EN GRETA SE KAMER

Greta hou van ongewone kleure soos die mosterdgeel en blou wat hier gekombineer is. Die houtelemente verskaf 'n warm atmosfeer aan die kamer. Die pragtige kas en bedkassie is van kino.co.za en die dik mat van Zoya Rugs. Die vloere is deur Lalegno geïnstalleer.



**VIR VELE KOKKE**
**Die ruim kombuis sorg dat die kokke nie op mekaar se tone trap nie. Hier is oorgenoeg pakplek en die eiland versteek selfs warmlaaie waar kos warm gehou kan word. Die gepoleerde betonvloere tel die werkoppervlak en betonplafon se teksture op en die kurkstoele is van Wiid Design.**



Marike Hendriksz is goed vertroud met Hermanus, waar sy byna haar hele kinderlewe vakansies deurgebring het. Waar hul nuwe huis nou staan, was eers haar ouers se vakansiehuis wat sy geërf het. So drie jaar gelede het Marike besef die huis, wat net drie slaapkamers gehad het, bars uit sy nate. Haar drie seuns is nou volwassenes en sy is al ouma van 'n handvol kleinkinders. Die tyd was ryp om die huis te herontwerp.

Marike het die hulp van Hein Visser van VKDB Argitekte (vkdb.co.za) en hul binneontwerper Maroaan Gelderblom ingeroep. 'n Splinternuwe huis met genoeg slaapplek sodat niemand op 'n krismisbed hoef te slaap nie, is gebou. Tinie en Marike het 'n ruim hoofslaapkamer gekry en die seuns en hul gesinne elk 'n eenheid met twee slaapkamers en en suite-badkamers. Elke slaapkamer het 'n pragtige see-uitsig.

Nog 'n slaapkamer-eenheid en die leefruimtes is onder. Laasgenoemde is een groot oopplanvertrek sodat almal gesellig kan saamkuier as daar kos gemaak word. Marike vertel dat haar seuns almal hou van kook en sy gee graag die taak aan hulle oor sodat sy liewer met die kleinkinders kan speel. Tinie was op sy beurt doodtevrede om die hele bou- en interieurprojek aan haar en die argitek en binneontwerper oor te laat. Hy sou aandag gee aan sy braaiplek en kroeg.

Haar droom was 'n huis wat min instandhouding verg, vandaar die houtbekleding aan die buitekant wat deur Oggie Hardwood Flooring (oggieflooring.com) gedoen is. Die tuin is met waterwysplante uitgelê deur Fynbos Gardens (fynbosgardens.com), wat dit ook versorg.

Vir die binne-ontwerp het Marike en Maroaan koppe bymekaar gesit. Dit moes kleurvol en informeel wees, nes buite lae onderhoud verg, en veral kindervriendelik wees. Hier moet jy welkom en gemaklik voel en nie gedurig keer vir nat voete of vuil handjies nie. Kontemporêre meubels met helderkleurige bykomstighede is gekies om by elke familielid se persoonlikheid te pas, en baie van die losstaande kaste en bedtafeltjies is deur hul seun Nico van Kino Design (kinodesign.co.za) gemaak.

Marike en Tinie verruil Stellenbosch so gereeld hulle kan vir Hermanus. Ook die kinders kan daarheen wegbreek net wanneer hulle wil. Maar die lekkerste is as almal bymekaar kom om saam te kuier by die spesiale seehuis.

**▲ SWEMBADKAMER**
**Digby die swembad is 'n ekstra sitkamer waar die swemmers dopgehou kan word as jy nie self wil inspring nie. Die groot koraalrooi kussing is van Gan van Limeline en die kleurryke tafeltjies van Haldane Martin. Die verskillende vorms en grootes kussings maak van die L-vormige bank 'n gesellige sitplek en daar is selfs met ruitpatrone gespeel. Die paneelwerk agter die bank is kenmerkend van die huis.**



**VOORPORTAAL**
Een van Nico se interessante ontwerpertafels heet jou welkom by die Hendriksze. Pleks van 'n konvensionele kapstok is oorgroot gekleurde knoppe vir hoede en jasse geïnstalleer.

**KLEURRYKE SITKAMER ▸**
Gemak was die wagwoord vir die sitkamer. Besonderse meubels soos 'n bank van Hay (by Créma Design) en koffietafels met unieke vorms van True Design is gekies. Die stoffeermateriaal is lap wat oorgebly het van Marike se ander huis en is hier weer ingespan. Die onderwater-tonele op die lap is gepas vir die seehuis en tel al die kleure in die vertrek op. Die kombuis is op die agtergrond sigbaar.

